Noordelike Sinode

DinkJeugNoord (Taakspan Jeug)

Verslag aan die Sinode

16-20 Oktober te Weesgerus

1.1. Opdrag

Die SDR het by die vergadering van 24 Februarie 2017 die volgende opdrag gegee: *Reël 'n gespreksgeleentheid vir almal wat met jeugwerk besig is, met die oog op die stig van netwerke.*

1.2. Taakspanlede

Corné Randall (taakspanleier), Johan Avenant, André Botha, Landi Botha, Antjé du Plessis en Lizette van Rooyen.

1.3. Uitvoering van die opdrag

`n DinkJeugNoord gespreksgeleentheid/byeenkoms het die 29ste Augustus 2017 by Acadeo Kampterrein plaasgevind. `n Totaal van 31 persone het die geleentheid bygewoon.

By die geleentheid is die volgende netwerke gestig:

1. Resources (musiek, dvd ens)	Johan Janse van Rensburg, Pieter Visser

2. Sentrale kommunikasie 2.1 WhatsApp groep 2.2 Webblad (plasing van goeie artikels ensovoorts)	 2.1 Monique Faure 2.2 Pieter Visser
3. Jeugvriendelike gemeente	Marian Jordaan & Ryno Hurn
4. Huisgeloof	Johan Avenant en Lizette van Rooyen
5. Toerusting	Jacques Erasmus, Johan de Wet, Lizette van Rooyen, Jörg Steinbach
6. Sinodale begeleiding en koordinering aan gemeentes:	Taakspan Jeug
7. Begeleiding in Multi-kulurele gesprekke	André Botha

Die taakspan het by die SDR vergadering van Oktober 2017 verslag gedoen oor die uitvoering van sy opdrag.

1.4. Nuwe opdrag vanaf SDR vergadering tydens Oktober 2017.

Nadat die DinkJeugNoord verslag by die SDR vergadering van Oktober 2017 gedien het, is daar `n nuwe opdrag gegee: *Om die netwerke wat in 2017 gestig is, te koördineer*.

1.5. Uitvoering van die opdrag.

Die taakspan het op 20 Maart 2018 en 6 Junie 2018 vergader om die pad vorentoe te beplan en die momentum van 29 Augustus 2017 te behou. Daar is besluit om *dagkonferensies*, met telkens ‘n ander fokusarea as tema, te hou. Daar was op die volgende temas besluit: Jeugvriendelike gemeentes, Huisgeloof, Toerusting en Bediening in ‘n multi-kulturele konteks (hierdie temas was voortvloeiend uit die gespreksgeleentheid van 29 Augustus 2017).

Die taakspan het die eerste konferensie met die tema: *Jeugvriendelike gemeentes – funky, cool en teologies*, op 3 September 2018 by Acadeo gehou. Daar was 4 sprekers, te wete Andriëtte de Ridder, Gert van der Merwe, Johan Avenant en Malan Nel Die konferensie is baie goed bygewoon deur persone (predikante, jeugwerkers en gemeentelede) vanuit die Noordelike Sinode, ander Sinodes en ook ander denominasies. Daar het in totaal 45 persone die konferensie bygewoon.

Tydens die SDR vergadering van 26 Oktober 2018 het die taakspan verslag aan die SDR gedoen en die opdrag is ontvang om voort te gaan met die koördinering van netwerke deur `n tweede dagkonferensie te reël wat handel oor huisgeloof.

Op 2 September 2019 het `n tweede dagkonferense met die tema: *Tweak Huis+Kerk* plaasgevind wat deur Johan Avenant aangebied was. Daar was `n baie goeie bywoning van 21 persone.

Met die uitbreek van COVID-19, kon die ander oorblywende temas van: Toerusting en Bediening in ‘n multi-kulturele konteks nie plaasvind nie.

2. Aanbevelings

Die Sinode kan daaraan oorweging skenk om die oorblywende temas aan te spreek en sodoende die netwerke wat reeds gestig is, verder uit te brei.

3. Slotwoord

Dit is `n voorreg om sedert 2017 taakspanleier van DinkJeugNoord te kon gewees het. Ek vertrou dat die netwerke wat gestig is deur die werksaamhede van die taakspan elke gemeente van die Noordelike Sinode en ook breër Kerk, bemagtig om inderdaad hoop te bring en `n verskil te maak – veral in die jongmense se lewens.

Ds. Corné Randall
Namens DinkJeugNoord taakspan